KKNK – ons was daar!

Kom ontspan by die Akker-oase. Die US was die eerste universiteit om 'n stalletjie by die KKNK te hê!

Die Universiteit het vanjaar deelgeneem aan die ABSA Klein Karoo Nasionale Kunstefees (KKNK) – die eerste universiteit óóit om by die fees 'n stalletjie te hê.

By die US se stalletjie in die CP Nel Museum kon almal skoene uitskop – Oudmaties, huidige en voornemende studente en hul ouers, sakeleiers, skoolhoofde, gemeenskapsleiers en vriende hul skoene uitskop in wat bekendgestaan het as die Akker-oase. Voornemende studente het die Universiteit met vrae gepeper terwyl oudstudente hul kontakinligting kon opdateer en klere en aandenkings by die Matie Winkel koop.

Uitgesoekte gaste is uitgenooi na 'n vertoning van Imbumba/Samesyn, 'n "potjiekos van kortverhale, liedjies en gedigte uit die pen van Afrikaanse, Zoeloe en Engelse Suid-Afrikaners", met 'n onthaal daarna in die Kannalandkamer.

'n Oudmatie saamtrek is ook gehou waartydens vriendskapsbande tussen alumni en die Universiteit verder versterk is.

■ Ons is ook baie trots op prof Russel Botman (Vise-rektor: Onderrig) wat verkies is as die Voorsitter van die KKNK.

Upcoming Events

July: Gaborone, Botswana
August: Durbanville and surrounding areas
September: Black tie gala dinner ball, Johannesburg
October/November: United Kingdom

To ensure that you receive an invitation to these events, make sure we have your updated contact details by e-mailing alumni@sun.ac.za!

Reis jy saam?

Maties Reis en Veldryklubprogram: Tweede semester 2006

5 – 9 Augustus 2006
Op soek na diamante, Kleinzee: Kleinzee aan die Weskus is 'n diamantdorp en is so 90km suid van Port Nolloth. Ons gaan nie net met 4X4 voertuie na die skeepswrakke wat langs die Weskus gestrand is, soek nie, ons gaan ook 'n ONGELOOFLIKE toer deur 'n werkende diamantmyn hê. Om nie eers te praat van die lekker Weskuskos nie!

24 – 29 September 2006
Lüderitz – Walvisbaai: 'n Besoek aan die Namib is 'n onbeskryflike, lewensverrykende ervaring. Dit is nie net die oudste woestyn in die wêreld nie, maar het ook die hoogste sandduine. Dit is absoluut indrukwekkend en 'n asemrowende ervaring. Nie net sal die ervaring van duinery jou adrenalien laat pomp nie, maar die natuurskoon en ongerepte landskap sal jou ewig bybly.

8 - 10 September 2006
Laingsburg Vloedroete: Een van die grootste natuurrampe in die geskiedenis van Suid-Afrika het hom op 25 Januarie 1981 afgespeel. Die Buffelsrivier, wat deur Laingsburg loop, het in vloed sy walle oorstroom en 103 mense se lewens geëis. Beleef die drama, kuiers saam met die Laingsburgers, en kom ry deur die Buffelspoort, wat in 1987 Nasionale Erfenis-status gekry het. Hierdie is 'n merkwaardige ervaring

11 - 24 November 2006
Barotseland: Hierdie toer gaan besonders wees. Ons gaan Wes-Zambië deurkruis en werklik op plekke en paaie ry waar bitter min toeriste nog ooit was. Ons wil onder meer teen die Angolese kamplyn opry, en ook die migrasie van die wildebeeste op die Liuwa Plains sien. Die migrasie is hier (naas die Serengeti), die tweede grootste ter wêreld. Ons gaan ook die Zambezi, die derde grootste rivier in Afrika, van alle kante beleef en ervaar.

Vir meer inligting of om te bespreek kontak Jurgens Schoeman by 082 341 6733 of e-pos hom by jurgens@thejourney.co.za